Meer as oorwinnaars

- Bid asb vir Tiny Krige wie se beenmurg nie behoorlik gefunksioneer het nie a.g.v artritis medikasie. Hy sterk tans tuis aan.
- Ons vra steeds voorbidding vir René Swart . Die dokters is baie tevrede met haar vordering.
- Werner Klerck het ‘n knievervanging ondergaan. Bid asb dat hy ten volle sal herstel.
- Dink steeds in u gebede aan Chris Von Wiellich. Hulle gaan eersdaags verhuis.
- Dit gaan beter met Lenie De Villiers en sy is ontslaan uit die hospitaal. Ons is baie dankbaar daarvoor

Ons behoort aan God

Baie welkom aan:

Wally en Iza Weitsz waarvan bewys van lidmaatskap ontvang is.

Die Aankondiger

12 September 2021

Omgeekerk Lyttelton-Noord
Ons Reik Uit Na Elkeen!

Bybelstudies gaan voort

Prediker: ***Ds Gideon Du Toit***
Skriflesing: Matteus 13 : 24—30: 36—43
Tema: “Waar kom al die onkruid vandaan?”
Liedere: 602; Flam 390; 514 Flam 12

Wanneer dit lyk of ongeregtigheid seëvier

Psalm 103 : 6 NLV

Toe O.J. Simpson van die moord op sy voormalige vrou, Nicole Brown, aangekla is, het die jurie hom onskuldig bevind. Nicole se ma het gehuil en gesê: 'God, waar is U?' Dis 'n vraag wat ons vra wanneer die lewe soms onregverdig lyk.
Die Bybel antwoord ons vraag as volg: 'Want God gaan elke daad beoordeel, ook wat jy in die geheim gedoen het, of dit goed is of kwaad' (Prediker 12:14 NLV). Ons wil egter nou geregtigheid hê. Dus sukkel ons, ons bevraagteken en ons twyfel. Die Psalmdigter het dit ook gedoen': 'Hoe lank nog sal julle onregv erdige beslissings vel en die goddeloses bevoordeel? ...Verdedig die saak van die hulpelose en die behoeftige' (Psalm 82:2-3 NLV).

Ons stoei met sulke vrae, omdat hulle nie maklike antwoorde het nie. Een-en-twintig Psalms later skryf Dawid, wat vergewe en herstel is nadat hy owerspel en moord gepleeg het, die volgende: 'Die Here laat regverdigheid geskied, en reg aan almal wat verdruk word... Die Here is barmhartig en genadig, geduldig en vol onfeilbare liefde. Hy sal ons nie voortdurend aankla, of vir altyd kwaad wees nie. Hy straf ons nie vir al ons sondes, en vergeld ons nie volgens ons oortredings nie. Want so ver soos die hemele van die aarde af is, so groot is sy onfeilbare liefde teenoor hulle wat Hom dien. So ver as die ooste is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredings. Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor hulle wat Hom dien. Hy weet waarvan ons gemaak is; Hy weet dat ons net stof is' (Psalm 103:6-14 NLV).

Dieselfde genade en barmhartigheid wat God teenoor jou bewys, bied Hy ook aan die een wat jou seergemaak het.

KENNISGEWINGS

Lyttelton-Noord hou basaar

Saterdag 2 Oktober

Indien u enige bydraes kan maak (boeke, huisware, bestandele, items vir veiling, ens), kontak asb die kerkkantoor.

Een van die aktiwiteite sal ‘n veiling wees van **baie** en **uiteenlopende** items – van ‘n week vakansie in die Krugerwildtuin, die diens van ‘n sleepwa of woonwa, ‘n basiese diens van ‘n motor, ‘n speenvarkie of halwe skaap, meubels of gereedskap, ‘n gehekelde doopstelletjie, handgemaakte artikels, en nog veel meer.

Stap asseblief deur die huis of motorhuis en stel daardie items wat nie meer gebruik word nie, en net in die pad is of stof versamel, beskikbaar sodat dit opgeveil kan word. Iemand anders het dit dalk nodig en die fondse sal welkom wees.

Behalwe vir die normale stalletjies, gee ons die gemeenskap kans om stalletjies te huur.

Om spasie te huur kontak asb vir Madel of Susann

Baie geluk aan almal wat verjaar :

12 - 18 September

Van	Noemnaam	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Botha	Borie	09/12		
Odendaal	Marichen	09/12	012 644 0911	0837313171
Smith	Megan	09/12		
Du Toit	Margaret	09/13	012 664 2399	0828517726
Jacobs	Arden	09/14		
Janse Van Rensburg	Klaas	09/14	012 664 4041	0837822334
Schwartz	Leamay	09/14		
Schwartz	Susann	09/15		0828024883
Kalp	Hanlie	09/15		0824529464
Mjele	Lily	09/15	012 6642199	
Erasmus	Hanlie	09/16		0824513723
Nothnagel	Elsa	09/16		0832352464
Groenewald	Anita	09/17	0828963772	0834172966
Myburgh	Engela	09/17	012 664 4449	0632220126
Vosloo	Louise	09/17	012 664 2736	0798562748
De Klerk	Ina	09/18	012 664 5442	0828960644

BASAAR 2 Oktober 2021